Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Price 10c Prys
Overseas 15c Oorsee
POST FREE—POSVRY

VOL. 72.] CAPE TOWN, 23RD JUNE, 1971. [No. 3159.
KAAPSTAD, 23 JUNIE 1971.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1051. 23rd June, 1971.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 63 of 1971: Newspaper and Imprint Registration Act, 1971.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1051. 23 Junie 1971.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 63 van 1971: Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

ACT

To provide for the registration of newspapers and imprints; to regulate certain matters in connection with printed matter; and to provide for matters connected therewith.

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 4th June,* 1971.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

CHAPTER I

DEFINITIONS

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "Minister" means the Minister of the Interior; (v)

(ii) "newspaper" means a periodical publication published at intervals not exceeding one month and consisting wholly or for the greater part of political or other news or of articles relating thereto or to other current topics, with or without advertisements, and with or without illustrations, but does not include any publication not intended for public sale or public dissemination; (vi)

(iii) "prescribed" means prescribed by regulation under this Act; (ix)

(iv) "printed matter" means any picture or any mark conveying any meaning which has been produced on any material by impressing any other material thereon; (ii)

(v) "printer" means any person carrying on or managing a business which produces printed matter; (i)

(vi) "registered" means registered in terms of this Act; (iii)

(vii) "Republic" includes the territory of South-West Africa; (vii)

(viii) "Secretary" means the Secretary for the Interior; (viii)

(ix) "this Act" includes the regulations. (iv)

CHAPTER II

REGISTRATION OF NEWSPAPERS

Prohibition of printing and publishing of unregistered newspapers.

2. No person shall print and publish in the Republic any newspaper unless such newspaper has been registered.

Application for registration of a newspaper.

3. (*a*) Any person intending to print and publish a newspaper in the Republic or to continue to publish and print in the Republic a newspaper referred to in section 14 (2), shall lodge with the Secretary on the prescribed form an application for the registration of such newspaper.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WET OP DIE REGISTRASIE VAN NUUSBLAAIE EN DRUKKERSNAME, 1971. **Wet No. 63, 1971**

WET

Om voorsiening te maak vir die registrasie van nuusblaaie en drukkersname; om sekere aangeleenthede in verband met drukwerk te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 4 *Junie* 1971.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

HOOFSTUK I

WOORDOMSKRYWING

Woord-omskrywing.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) „drukker" iemand wat 'n saak dryf of bestuur wat drukwerk voortbring; (v)
(ii) „drukwerk" 'n afbeelding of merk wat 'n betekenis het en wat op die een of ander stof voortgebring is deur ander stof daarop af te druk; (iv)
(iii) „geregistreer" ingevolge hierdie Wet geregistreer; (vi)
(iv) „hierdie Wet" ook die regulasies; (ix)
(v) „Minister" die Minister van Binnelandse Sake; (i)
(vi) „nuusblad" 'n periodieke publikasie wat uitgegee word by tussenpose van hoogstens 'n maand en wat geheel en al of grotendeels bestaan uit politieke of ander nuus of uit artikels wat daarop of op ander sake van die dag betrekking het, met of sonder advertensies, en met of sonder illustrasies, maar nie ook 'n publikasie wat nie vir openbare verkoop of openbare verspreiding bestem is nie; (ii)
(vii) „Republiek" ook die gebied Suidwes-Afrika; (vii)
(viii) „Sekretaris" die Sekretaris van Binnelandse Sake; (viii)
(ix) „voorgeskryf" by regulasies kragtens hierdie Wet voorgeskryf. (iii)

HOOFSTUK II

REGISTRASIE VAN NUUSBLAAIE

Verbod op druk en uitgee van ongeregistreerde nuusblaaie.

2. Niemand mag 'n nuusblad in die Republiek druk en uitgee nie tensy dié nuusblad geregistreer is.

Aansoek om registrasie van 'n nuusblad.

3. (*a*) Iemand wat voornemens is om 'n nuusblad in die Republiek te druk en uit te gee, of om voort te gaan om 'n nuusblad bedoel in artikel 14 (2) in die Republiek te druk en uit te gee, moet 'n aansoek om die registrasie van dié nuusblad op die voorgeskrewe vorm by die Sekretaris inlewer.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(*b*) Any such application shall contain the prescribed particulars and shall, except in the case of a newspaper referred to in section 14 (2), be accompanied by the prescribed fee.

Registration of newspapers, issue of certificates in connection therewith, and evidential value of certificates.

4. (1) Upon the receipt by the Secretary of any application in terms of section 3 the Minister shall register the newspaper concerned and issue to the applicant an appropriate certificate of registration: Provided that a newspaper shall not be so registered if it bears the same name as a newspaper already registered or if the Minister is of opinion that the name thereof so closely resembles the name of any newspaper so registered as to be calculated to deceive.

(2) The Secretary shall upon the application of any person and on payment of the prescribed fee furnish such person with a certified copy of such particulars, referred to in section 3 (*b*), in respect of a registered newspaper as he may require.

(3) A certificate of registration purporting to have been issued under subsection (1), and a certified copy purporting to have been furnished under subsection (2), shall, in the absence of proof of fraud or error, upon its mere production, be conclusive evidence that the newspaper therein referred to has been registered in terms of subsection (1) and *prima facie* evidence of any other fact stated in such certificate or, as the case may be, *prima facie* evidence of any fact stated in that copy.

Notification of change in particulars furnished in connection with registration.

5. (*a*) Whenever a change occurs in regard to any of the particulars in respect of any registered newspaper furnished in the relevant application for registration, the proprietor of such newspaper shall within fourteen days after the day on which the change occurred, notify the Secretary in writing of the change.

(*b*) Such notice shall contain the prescribed particulars and shall be accompanied by the prescribed fee.

(*c*) The Secretary shall thereupon alter appropriately the particulars maintained by him in respect of the newspaper concerned: Provided that if the change of which the Secretary has been so notified, relates to the name of such newspaper, the said particulars shall not be so altered if the changed or new name is the same as that of a newspaper already registered or if the Minister, after the Secretary has submitted the matter to him, is of opinion that the changed or new name so closely resembles the name of such a registered newspaper as to be calculated to deceive.

Furnishing Minister or Secretary with certain copies of newspaper.

6. (1) The proprietor of a newspaper shall transmit to the Secretary, free of charge, a copy of the first issue of such newspaper after the issue of a certificate of registration in respect thereof under section 4 (1).

(2) Upon the written request of the Minister the proprietor of a registered newspaper shall transmit to the Minister, free of charge, a copy of any issue of such newspaper specified in the request.

Notification of place of publication and names and addresses of proprietor, printer and publisher of newspaper.

7. The printer of a registered newspaper shall ensure that the full and correct address at which the newspaper is published, and the full and correct names and addresses of the proprietor, printer and publisher thereof are printed in legible type and in either of the official languages of the Republic upon the front, penultimate or back page of every copy of any issue of such newspaper.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(*b*) So 'n aansoek moet die voorgeskrewe besonderhede bevat en moet, behalwe in die geval van 'n nuusblad bedoel in artikel 14 (2), van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan.

Registrasie van nuusblaaie, uitreiking van sertifikate in verband daarmee, en bewyskrag van sertifikate.

4. (1) Na ontvangs deur die Sekretaris van 'n aansoek ingevolge artikel 3, moet die Minister die betrokke nuusblad registreer en 'n gepaste registrasiesertifikaat aan die aansoeker uitreik: Met dien verstande dat 'n nuusblad nie aldus geregistreer word nie as dit dieselfde naam het as 'n nuusblad wat reeds geregistreer is of as die Minister van oordeel is dat die naam daarvan in so 'n mate met die naam van so 'n geregistreerde nuusblad ooreenkom dat dit sou kon mislei.

(2) Die Sekretaris moet op aansoek van iemand en teen betaling van die voorgeskrewe gelde, aan so iemand 'n gesertifiseerde afskrif verstrek van die besonderhede, bedoel in artikel 3 (*b*), ten opsigte van 'n geregistreerde nuusblad wat hy verlang.

(3) 'n Registrasiesertifikaat wat heet kragtens subartikel (1) uitgereik te wees, en 'n gesertifiseerde afskrif wat heet kragtens subartikel (2) verstrek te wees, is, by ontstentenis van bewys van bedrog of vergissing, by blote oorlegging daarvan afdoende bewys dat die nuusblad daarin vermeld ingevolge subartikel (1) geregistreer is, en *prima facie*-bewys van enige ander feit in daardie sertifikaat vermeld of, na gelang van die geval, *prima facie*-bewys van 'n feit in daardie afskrif vermeld.

Kennisgewing van verandering van besonderhede verstrek in verband met registrasie.

5. (*a*) Wanneer 'n verandering plaasvind met betrekking tot 'n besonderheid ten opsigte van 'n geregistreerde nuusblad verstrek in die betrokke aansoek om registrasie, moet die eienaar van dié nuusblad binne veertien dae na die dag waarop die verandering plaasgevind het, die Sekretaris skriftelik van die verandering in kennis stel.

(*b*) Sodanige kennisgewing moet die voorgeskrewe besonderhede bevat en van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan.

(*c*) Die Sekretaris moet daarop die besonderhede wat hy ten opsigte van die betrokke nuusblad hou, passend wysig: Met dien verstande dat indien die verandering waarvan die Sekretaris in kennis gestel is, betrekking het op die naam van dié nuusblad, genoemde besonderhede nie aldus gewysig word nie indien die veranderde of nuwe naam dieselfde is as dié van 'n nuusblad wat reeds geregistreer is of indien die Minister, nadat die Sekretaris die saak aan hom voorgelê het, van oordeel is dat die veranderde of nuwe naam in so 'n mate met die naam van so 'n geregistreerde nuusblad ooreenkom dat dit sou kon mislei.

Verskaffing van sekere eksemplare van nuusblad aan Minister of Sekretaris.

6. (1) Die eienaar van 'n nuusblad moet 'n eksemplaar van die eerste uitgawe van die nuusblad ná uitreiking van 'n registrasiesertifikaat kragtens artikel 4 (1) ten opsigte daarvan, kosteloos aan die Sekretaris stuur.

(2) Op skriftelike versoek van die Minister moet die eienaar van 'n geregistreerde nuusblad 'n eksemplaar van 'n uitgawe van daardie nuusblad in die versoek vermeld, kosteloos aan die Minister stuur.

Aangee van plek van uitgifte en name en adresse van eienaar, drukker en uitgewer van nuusblad.

7. Die drukker van 'n geregistreerde nuusblad moet toesien dat die volledige en juiste adres waar die nuusblad uitgegee word, en die volledige en juiste name en adresse van die eienaar, drukker en uitgewer daarvan op die voorste, voorlaaste of laaste bladsy van elke eksemplaar van 'n uitgawe van dié nuusblad gedruk staan in leesbare letter en in een van die amptelike tale van die Republiek.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Place of residence of editor of newspaper.

8. No person shall print and publish in the Republic any newspaper unless the editor or acting editor or, in the event of there being more than one editor, the responsible or chief editor thereof is resident in the Republic.

CHAPTER III

PRINTED MATTER

Notification of name of printer and address of his business on certain printed matter.

9. The printer of any printed matter, other than a newspaper, printed and published in the Republic, shall ensure that his full and correct name and the full and correct address at which he conducts his business of printing are printed in legible type and in either of the official languages of the Republic on all such printed matter: Provided that the Minister may on the application of any printer grant permission to him, in accordance with the provisions of section 10, to use an abbreviation instead of such name and address: Provided further that the Minister may by notice in the *Gazette* exempt any kind of printed matter from the provisions of this section.

Registration of imprint abbreviation.

10. (1) A printer who desires to use an abbreviation instead of his full name and address as contemplated in section 9 shall lodge with the Secretary an application therefor on the prescribed form.

(2) Any such application shall contain the prescribed particulars and shall be accompanied by the prescribed fee.

(3) The Secretary shall keep a record of the particulars of the application and shall notify the applicant in writing of the Minister's decision thereon.

(4) No person other than the printer to whom the Minister has in terms of section 9 granted consent to use an abbreviation, shall use that abbreviation in connection with any printed matter.

(5) (*a*) Whenever a change occurs in regard to any of the particulars furnished in any application in terms of subsection (1), the printer concerned shall within fourteen days after the day on which the change occurred, notify the Secretary in writing of the change.

(*b*) Such notice shall contain the prescribed particulars and shall be accompanied by the prescribed fee.

(6) The Secretary shall thereupon alter appropriately the record referred to in subsection (3).

(7) The Secretary shall upon the application of any person and on payment of the prescribed fee furnish such person with a certified copy of such particulars of that record as he may require.

CHAPTER IV

PENAL AND GENERAL PROVISIONS

Offences, penalties and onus of proof.

11. (1) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this Act, or who makes any false statement or furnishes any false particulars for the purposes of this Act, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(2) If in any proceedings under this Act the question arises whether or not any publication is intended for public sale or public dissemination, it shall be presumed to be so intended until the contrary is proved.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Woonplek van redakteur van nuusblad.

8. Niemand mag in die Republiek 'n nuusblad druk en uitgee nie tensy die redakteur of waarnemende redakteur of, ingeval daar meer as een redakteur is, die verantwoordelike redakteur of hoofredakteur daarvan in die Republiek woon.

HOOFSTUK III

DRUKWERK

Aangee van naam van drukker en adres van sy saak op sekere drukwerk.

9. Die drukker van drukwerk wat nie 'n nuusblad is nie en wat in die Republiek gedruk en uitgegee word, moet toesien dat sy volledige en juiste naam en die volledige en juiste adres waar hy sy drukkersaak dryf, op alle sodanige drukwerk gedruk staan in leesbare letter en in een van die amptelike tale van die Republiek: Met dien verstande dat die Minister op aansoek van 'n drukker toestemming aan hom ooreenkomstig die bepalings van artikel 10 kan verleen tot die gebruik van 'n afkorting in plaas van sodanige naam en adres: Met dien verstande voorts dat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige soort drukwerk van die bepalings van hierdie artikel kan vrystel.

Registrasie van afkorting van drukkersnaam.

10. (1) 'n Drukker wat 'n afkorting in plaas van sy volledige naam en adres wil gebruik soos in artikel 9 beoog word, moet 'n aansoek daarom op die voorgeskrewe vorm by die Sekretaris inlewer.

(2) So 'n aansoek moet die voorgeskrewe besonderhede bevat en moet van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan.

(3) Die Sekretaris moet aantekeninge hou van die besonderhede van die aansoek en die Minister se beslissing oor die aansoek skriftelik aan die aansoeker meedeel.

(4) Niemand anders as die drukker aan wie die Minister ingevolge artikel 9 toestemming tot die gebruik van 'n afkorting verleen het, mag daardie afkorting in verband met drukwerk gebruik nie.

(5) (*a*) Wanneer 'n verandering plaasvind met betrekking tot 'n besonderheid verstrek in 'n aansoek ingevolge subartikel (1), moet die betrokke drukker binne veertien dae na die dag waarop die verandering plaasgevind het, die Sekretaris skriftelik van die verandering in kennis stel.

(*b*) Sodanige kennisgewing moet die voorgeskrewe besonderhede bevat en van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan.

(6) Die Sekretaris moet daarop die aantekeninge bedoel in subartikel (3) passend wysig.

(7) Die Sekretaris moet op aansoek van iemand en teen betaling van die voorgeskrewe gelde aan so iemand 'n gesertifiseerde afskrif verstrek van die besonderhede van daardie aantekeninge wat hy verlang.

HOOFSTUK IV

STRAF- EN ALGEMENE BEPALINGS

Misdrywe, strawwe en bewyslas.

11. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen of wat vir die doeleindes van hierdie Wet 'n valse verklaring aflê of valse besonderhede verstrek, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met daardie boete sowel as daardie gevangenisstraf.

(2) Indien in 'n geding kragtens hierdie Wet die vraag ontstaan of 'n publikasie vir openbare verkoop of openbare verspreiding bestem is of nie, word dit geag aldus bestem te wees totdat die teendeel bewys word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Delegation of powers.

12. The Minister may delegate to any officer or officers of the Department of the Interior any of the powers conferred upon him by this Act.

Regulations.

13. (1) The Minister may make regulations as to—

(*a*) the amount of the fees payable in terms of sections 3, 4, 5 and 10;

(*b*) the procedure to be followed in connection with the registration of newspapers and abbreviations of the names of printers;

(*c*) the particulars which shall accompany any application or notice;

(*d*) any other matter which in terms of this Act is required or permitted to be prescribed.

(2) A regulation contemplated in subsection (1) (*a*) may only be made after consultation with the Minister of Finance.

Application of Act in South-West Africa.

14. (1) Subject to the provisions of subsection (2) this Act and any amendment thereof shall also apply in the territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel.

(2) Until the expiration of three months from the commencement of this Act the provisions of section 2 shall not apply in respect of a newspaper printed and published in the said territory at such commencement.

Repeal of Act 14 of 1934, and savings.

15. (1) Subject to the provisions of subsection (2) the Newspaper and Imprint Act, 1934, is hereby repealed.

(2) Anything done under a provision of the said Act and which could be done under any provision of this Act, shall be deemed to have been done under the last-mentioned provision.

Short title and commencement.

16. This Act shall be called the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Oordrag van bevoegdhede.

12. Die Minister kan 'n bevoegdheid wat by hierdie Wet aan hom verleen word, aan 'n beampte of beamptes van die Departement van Binnelandse Sake oordra.

Regulasies.

13. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

(*a*) die bedrag van die gelde betaalbaar ingevolge artikels 3, 4, 5 en 10;

(*b*) die prosedure wat gevolg moet word in verband met die registrasie van nuusblaaie en afkortings van name van drukkers;

(*c*) die besonderhede wat 'n aansoek of kennisgewing moet vergesel;

(*d*) enige ander aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word.

(2) 'n Regulasie beoog in subartikel (1) (*a*) kan slegs na oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig word.

Toepassing van Wet in Suidwes-Afrika.

14. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) is hierdie Wet en iedere wysiging daarvan ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel.

(2) Ten opsigte van 'n nuusblad wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet in genoemde gebied gedruk en uitgegee word, geld die bepalings van artikel 2 nie voor verstryking van drie maande vanaf sodanige inwerkingtreding nie.

Herroeping van Wet 14 van 1934, en voorbehoud.

15. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word die Nuusblad- en Drukkersnaamwet, 1934, hierby herroep.

(2) Enigiets wat kragtens 'n bepaling van genoemde Wet gedoen is en kragtens 'n bepaling van hierdie Wet gedoen sou kon word, word geag kragtens laasgenoemde bepaling gedoen te wees.

Kort titel en inwerkingtreding.

16. Hierdie Wet heet die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.